**16 Maart**

**Skrifgedeelte: Matteus 3**
**Fokusgedeelte: Matteus 3:15**

## God se wil my enigste rigsnoer

Ons staan aan die begin van 'n nuwe jaar. Dit is seker die heel beste tyd om te besluit wie of wat jy gaan toelaat om jou lewensrigting te bepaal. Aan die einde van die jaar kan dit te laat wees. As die regte dinge nie jou lewensrigting bepaal nie, gaan jy nie op die regte plek uitkom nie. Daarom moet ons die gesindheid van Johannes die Doper hê.

Hy was besig om te doop toe Jesus na hom gekom het om ook deur hom gedoop te word. Johannes het gedink dat dit nie reg is nie. Jesus moet hóm eerder doop, nie hý vir Jesus nie. Maar Jesus se antwoord is vir hom genoeg: "... op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen." Daarna, lees ons, het Johannes ingestem. Toe hy hoor dat dit die wil van God is dat hy vir Jesus moet doop, en nie andersom nie, was hy gewillig.

So behoort die wil van God ook ons optrede te bepaal: Nie wat ek wil nie, nie wat vir my lekker is nie, nie my eie insig nie – nee, net God se wil. God wil dat ek Hom bo alles sal liefhê en my naaste soos myself. God wil dat ek Hom in alles sal dien en gehoorsaam. Omdat ek dankbaar is dat Jesus my verlos het, sal ek in hierdie nuwe jaar in alles net God se wil probeer doen!

*Sing: Psalm 40:4*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria- Noord)*